# 256. YAHWEH HOU MY NABY U

**D                    G**
1. Yahweh, hou my naby U
**D                  A**
waar die heilfonteine
**D                 G**
vry met lewenswater ruis,
**D                  A   D**
helend smart en pyne.

**D           G**
*Refrein:* Ek wil U dank bewys
**D              A**
en ek wil U lowe,
**D                  G**
totdat eens my lied verrys
**D              A   D**
ewiglik daarbowe.

**D                    G**
2. Eens was ek met skuld besmet,
**D                  A**
maar ek is vergewe.
**D                  G**
Daar het Hy my siel gered,
**D                 A   D**
my geskenk Sy lewe.

**D                      G**
3. Deur U soendood, Lam geslag,
**D             A**
ryklik begenadig,
**D                 G**
sal ek wandel dag ná dag,
**D                      A   D**
deur geen leed beskadig.

**D                   G**
4. Heiland, ons verwag U koms
**D                  A**
met geloofsvertroue.
**D                 G**
Ons glo dat U wederkoms
**D                  A   D**
oorgaan in aanskoue.